
# Heidelbergse Kategismus

# Sondag: 33

| | |
|---|---|
| Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens? | Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens |
| Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens? | Antwoord: Dit is ʼn hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug. |
| Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens? | Antwoord: Dit is ʼn hartlike vreugde in God deur Christus en ʼn lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe. |
| Vraag 91: Wat is goeie werke? | Antwoord: Slegs die wat uit ʼn ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie. |

## Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.



Romeine 6:1–2: Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly voortleef, sodat die genade kan toeneem? Hoegenaamd nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog langer daarin bly leef?


Romeine 6:4–6: Deur die doop is ons dus saam met Hom in die dood begrawe, sodat, net soos Christus deur die magtige heerlikheid van die Vader uit die dood opgewek is, ook ons só ’n nuwe lewe kan lei. As ons inderdaad met Hom saamgegroei het in ’n dood soos syne, sal ons ook met Hom saamgroei in ’n opstanding soos syne. Dit weet ons: dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word, en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie.

1 Korintiërs 5:7: Verwyder die ou suurdeeg, sodat julle nuwe deeg kan wees, soos julle inderdaad ongesuurde brood is.

2 Korintiërs 7:10: Want die droefheid, volgens die wil van God, bewerk inkeer, wat tot verlossing lei, en waaroor niemand ooit spyt is nie; maar wêreldse droefheid lei tot die dood

## Vraag 88: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.




Efesiërs 4:22–24: naamlik dat julle, wat julle vroeëre lewenswandel betref, die ou mens moet aflê, wat as gevolg van sy misleidende drange vergaan. Julle moet eerder in die aard van julle denke vernuwe word. Ja, trek die nuwe mens as kleed aan, wat in ware geregtigheid en heiligheid in ooreenstemming met God geskep is.

Kolossense 3:5–6: Daarom moet julle daardie deel van julle wat op die aardse gerig is, doodmaak: onsedelikheid, onreinheid, wellus en slegte begeertes, en ook gierigheid, wat afgodediens is. As gevolg van sulke dinge, kom die toorn van God oor die seuns van die ongehoorsaamheid

Kolossense 3:8–10: Maar raak ook julle van al hierdie dinge ontslae: woede, driftigheid, kwaadwilligheid, lastering, en onwelvoeglike taal wat uit julle mond kom. Moenie vir mekaar lieg nie, aangesien julle die ou mens en sy gewoontes uitgetrek het, en die nuwe mens aangetrek het, wat tot volle kennis en na die beeld van sy Skepper vernuwe word.

# Vraag 89: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is ʼn hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug.




Hosea 6:1: Kom ons keer terug na die HERE – want Hy is die Een wat ons verskeur het, maar Hy sal ons gesond maak; Hy het ons geslaan, maar Hy sal ons wonde verbind.

Joël 2:13: Skeur julle harte, en nie julle klere nie, draai om na die HERE julle God; want Hy is genadig en barmhartig, geduldig en oorvloedig in troue liefde, Hy het berou oor die onheil wat Hy bring.

Romeine 8:13: Want as julle volgens julle sondige aard leef, sal julle sterf. Maar as julle deur die Gees die praktyke van die liggaam doodmaak, sal julle leef.

# Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is ’n hartlike vreugde in God deur Christus




Jesaja 57:15: Ja, so sê Hy wat hoog en verhewe is, wat vir ewig woon, wie se Naam die Heilige is: “In die hoogte, in ’n heilige plek, woon Ek, en ook by hulle wat verpletter en nederig is, om die gees van nederiges te laat herleef, om die hart van verpletterdes te laat herleef.

Romeine 5:1–2: Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God.

Romeine 14:17: Die koninkryk van God is tog nie ’n saak van kos en drank nie, maar van geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.

# Vraag 90: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is ŉ hartlike vreugde in God deur Christus en ŉ lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe.




Romeine 6:10–11: Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. Beskou julleself dan so dat julle in Christus Jesus dood is vir die sonde, maar lewend vir God.

Galasiërs 2:20: ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in geloof, die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het.

# Vraag 91: Wat is goeie werke?


Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof,



Romeine 14:23: Hy wat egter twyfel wanneer hy eet, staan al klaar veroordeel, omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. Alles wat jy nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

# Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God,




Levitikus 18:4: My bepalings moet julle uitvoer en my vaste voorskrifte moet julle noukeurig volg. Ek is die HERE julle God

1 Samuel 15:22: Daarop het Samuel geantwoord: "Is daar vir die HERE vreugde in brandoffers en maaltydoffers, soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as maaltydoffers, om te luister beter as die vet van ramme.

Efesiërs 2:10: Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.

## Vraag 91: Wat is goeie werke?


Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word,



1 Korintiërs 10:31: Of julle dan eet of drink of enigiets anders doen, doen alles tot eer van God.

# Vraag 91: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.



Jesaja 29:13–14: My Heer het gesê: "Omdat hierdie volk My nader met hulle mond en met hulle lippe My eer, maar hulle hart ver is van My, en hulle ontsag vir My bloot 'n aangeleerde menslike gebod, daarom, kyk, Ek sal voortgaan om op 'n wonderlike, wonderbaarlike manier met hierdie volk te handel. Die wysheid van hulle wyses sal tot niet gaan, en die insig van hulle verstandiges sal verborge bly."

Esegiël 20:18–19: Ek het egter vir hulle kinders in die woestyn gesê, 'Die vaste voorskrifte van julle ouers moet julle nie volg nie; hulle bepalings moet julle nie nakom nie; met hulle afgodsbeelde moet julle julle nie verontreinig nie. Ek, die HERE, is julle God. My vaste voorskrifte moet julle volg en my bepalings moet julle nakom; julle moet dit uitvoer.

Matteus 15:7–9: Skynheiliges, Jesaja het tereg oor julle geprofeteer, " 'Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle harte is ver van My af; tevergeefs vereer hulle My, want hulle onderrig as leerstellings die voorskrifte van mense.' "

**SONDAG: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 88**

Vraag: Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die mens?

Antwoord: Uit twee dele: die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens[1]

1 Romeine 6:1–2; Romeine 6:4–6; 1 Korintiërs 5:7; 2 Korintiërs 7:10; Efesiërs 4:22–24; Kolossense 3:5–6; Kolossense 3:8–10

**SONDAG: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 89**

Vraag: Wat is die afsterwing van die ou mens?

Antwoord: Dit is ʼn hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en daarom hoe langer hoe meer die sonde haat en daarvan wegvlug[1]

1 Hosea 6:1 ; Joël 2:13; Romeine 8:13

**SONDAG: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 90**

Vraag: Wat is die opstanding van die nuwe mens?

Antwoord: Dit is ʼn hartlike vreugde in God deur Christus[1] en ʼn lus en liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe[2]

1 Jesaja 57:15; Romeine 5:1–2; Romeine 14:17

2 Romeine 6:10–11; Galasiërs 2:20

**SONDAG: 33 - VRAAG EN ANTWOORD: 91**

Vraag: Wat is goeie werke?

Antwoord: Slegs die wat uit ʼn ware geloof[1], volgens die Wet van God[2], tot sy eer gedoen word[3], en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie[4].

1 Romeine 14:23

2 Levitikus 18:4; 1 Samuel 15:22; Efesiërs 2:10

3 1 Korintiërs 10:31

4 Jesaja 29:13–14; Esegiël 20:18–19; Matteus 15:7–9

# Kopiereg

© 2026